

Riglyne vir die beskikbaarstelling van opnames
(Moet van tyd tot tyd deur die Komitee vir Leer en Onderrig hersien word, soos nodig)

8 Augustus 2022

Inleiding

Met die installering van toerusting vir uitgebreide leerruimtes (ULR) op kampus, het die bespreking van en vrae oor die beskikbaarheid van opnames van lesings vir die onderrig, leer en assessering van die Universiteit Stellenbosch (US) se dosente van belang geraak. Hierdie dokument skets die agtergrond, eerste beginsels en moontlike strategieë vir omgang met studiemateriaal voor en ná lesings, algemene riglyne vir die opname van lesings en/of die beskikbaarstelling daarvan aan studente, asook verdere kwessies en optrede wat opgevolg moet word. Terugvoer sal soos nodig aan die Komitee vir Leer en Onderrig gelewer word, spesifiek met betrekking tot die kwessies en optrede wat opgevolg moet word. Die eerste besprekingsdokument van 2 Mei 2022 word as Addendum A ingesluit. Dit sluit in enkele aanduidings van die potensiele pedagogiese waarde van opnames, die besware teen die beskikbaarstelling van opnames van lesings, versagtingsmaatreëls, en sommige van die optredes wat op daardie tydstip tersaaklik was.

A) Agtergrond en eerste beginsels

- Ons veronderstel dat **dosente altyd die belange van alle studente op die hart dra**: diegene wat die klas kan bywoon en ook diegene wat weens geldige beperkings dit nie kan bywoon nie; diegene wat goed voorberei is en diegene wat nie goed genoeg vir tersiêre studie voorberei is nie; diegene met selfmotivering en diegene wat nog nie hierdie vaardigheid ontwikkel het nie.
- As 'n eerste beginsel **wil ons graag al ons studente in die klas hê in die tydgleuwe wat op die rooster geskeduleer is** – hetsy fisies of virtueel via direkte stroming – om voordeel te put uit die omgang met die dosente, medestudente en studiemateriaal (Tokumitsu 2022). Die Universiteit Stellenbosch is steeds 'n **residensiële kampusgebaseerde universiteit** soos ook via kommunikasies deur die Rektor bevestig.
- **Doeltreffende onderrig en leer op tersiêre vlak is relasioneel**. Die universiteit berei studente voor vir maatskaplik noodsaaklike loopbane en om burgers te wees wat hoëvlak-intellektuele gewoontes op groot maatskaplike probleme, van klimaatsverandering tot die volgende politieke krisis, toepas. Op 'n meer grondliggende vlak berei dit ook talle studente voor om verantwoordelike volwassenes te wees – om doelwitte te stel en uit te werk watter hulp hulle nodig het om dit te bereik (Malesic 2022). Hierdie noodsaaklike vaardighede kan nie aangeleer word deur die passiewe verbruik van opnames van lesings nie. Dit vereis dat studente, saam met hulle medestudente en die dosent, aktief met die vakinhoud omgaan.
- **Die oogmerke van die opname van 'n lesing en die beskikbaarstelling daarvan aan studente (of nie) moet duidelik en pedagogies gegrondwes wees**. Dit moet in die moduleraamwerk uiteengesit word. Studente kan ook genooi word om terugvoer oor die waarde van die opnames vir hulle leer te verskaf.
- Hoewel daar pedagogiese voordele aan die beskikbaarstelling van opnames, soos in hierdie dokument uiteengesit, verbonde is, **is die beskikbaarheid van opnames nie 'n eenvoudige manier om die akademiese uitkomst vir alle studente te verbeter nie**.
 - Opnames van lesings is geregverdig tot die mate waartoe dit studentesukses

ondersteun en/of verhoog; veral vir studente wat akademies sukkel.

- Opnames van lesings is *nie* geregverdig *nie*, wanneer dit nadelig vir algehele studentestukses is, of as dit die gaping tussen studente wat goed presteer en studente wat sukkel, vergroot (Cacault et. al 2021).
- Daar is verskillende kontekste, benaderings en nuanses tussen vakgebiede en fakulteite wat moontlik kan beïnvloed of en hoe opnames gedoen word, en hoe dit aan studente beskikbaar gestel word. **'n Benadering van 'een grootte pas almal' word dus nie aanbeveel nie.** Een voorbeeld van wanneer opnames nie noodwendig gedoen moet word en/of aan studente beskikbaar gestel moet word nie, is waar die klasbespreking van sensitiewe aard is. In sodanige gevalle kan opnames selfs openhartige besprekings inhipeer. Alle lesings is nie dieselfde nie – sommige dra dalk swaarder aan inhoud, in welke geval 'n beskikbare opname moontlik vir studente van hulp kan wees tydens hersiening, maar dit is dalk minder nuttig waar die klastyd vir bespreking eerder as die oordrag van inhoud gebruik word. Ingelyks sal die verskillende vakgebiede, onderwerpe en eksterne professionele liggame/akkreditasies hulle eie unieke vereistes hê wat in ag geneem moet word.

B) Die bevordering van omgang met studiemateriaal voor en ná lesings: Opnames en alternatiewe strategieë

Die eerste beginsel is dat **ons wil hê dat studente voor, tydens en ná 'n lesing by die studiemateriaal betrokke moet wees en voordeel moet put uit die omgang met 'n dosente en medestudente met betrekking tot die studiemateriaal.** Sommige van die pedagogiese voordele van die beskikbaarstelling van opnames is (raadpleeg ook Addendum A: Besprekingsdokument vir agtergrond, voordele, besware, moontlike versagtings en verwysings):

- Dosente kan studente na die opname verwys vir hulp met die beantwoording van vrae en navrae en die opklaring van misverstande. Dit voorsien veelvuldige betrokkeheidsmodusse volgens die riglyne van die Universele Ontwerp vir Leer (UOL).
- Transkripsies van opnames is waardevolle aanvullende leer- en hersieningshulpmiddele, wat veelvuldige betrokkeheidsmodusse volgens die UOL-riglyne voorsien .
- Transkripsies van opnames kan vertaal word, waar daar 'n behoefte bestaan. Die Taalsentrum kan hiermee help en die koste daarvan word deur die departement gedek.
- Opnames kan gebruik word om verdere bespreking buite die fisiese of virtuele klaskamer aan te wakker, soos op SUNLearn (of enige ander leerbestuurstelsel-platform [LBS-]).
- (Dele van) opnames kan ook deur ander modules en in daaropvolgende jare van die module hergebruik word, met die toestemming van die betrokke dosent. Riglyne vir die berging en behoud van opnames sal nog deur Leer- en Onderrigverryking (LOV), Inligtingstechnologie (IT), die Registrateur en Inligtingsoorsigbestuur opgestel word.
- Klankgreepuitsendings raak al hoe meer gewild onder studente, omdat dit hulle in staat stel om materiaal te hersien en konsepte op te klaar; byvoorbeeld, wanneer hulle pendel of tydens ander aktiwiteite.
- Studente wat nie die klas kan bywoon nie (weens 'n geldige rede), kan na die opnames kyk.
- Studente wat van direkte stroming afhanklik is en beurtkrag tydens aangevulde afstandsonderrig, -leer en -assessering (ARTLA) ervaar, kan na die opname kyk en word dus nie uitgesluit nie.
- Opnames van gaslesings of lesings deur uitgenooide vakkundiges is veral van waarde, aangesien hierdie persone nie noodwendig in daaropvolgende jare beskikbaar is nie. Hierdie

opnames kan dan, met die sprekers se toestemming, herverpak word as 'n video- of klankopname vir toekomstige gebruik in die module. Enige eksterne spreker/dosent moet daarop gewys word dat die opname die intellektuele eiendom (IE) van die Universiteit sal bly.

- Klanklêers (MP3-/klanklêers uit video-opnames) bied 'n 'dataligte' en buigsame manier vir studente om lesingsinhoud te hersien.
- Vir hibridiese leer is daar beslis 'n behoefte aan HyFlex-omgewings (hibridies-buigsame). Ons sal al meer internasionale studente (veral werkende studente) kry wat nie al die op-kampus-blokke in persoon kan bywoon nie. Die geleentheid om na opnames te kyk en/of klasse via direkte stroming by te woon, sal ons in staat stel om meer aanbiedings vir die internasionale studentemark te bemark, waaronder (en veral) vir ander Afrikalande.
- Die ULR-projek sal ook baat vind by verdere kennis oor en ontwikkeling van HyFlex-leeromgewings waar die onlangse belegging in uitgebreide leerruimtes moontlik aan studente die opsie kan bied om kontakssessies op kampus by te woon, na opnames te kyk en/of lesings via direkte stroming by te woon, afhangende van die kontekstuele behoeftes van individuele kursusse en/of studente.

Baie van die pedagogiese voordele van klasopnames aan studente beskikbaar stel, kan ook deur ander strategieë bereik word. Talle dosente maak reeds van hierdie strategieë gebruik. Dit sluit die volgende in, maar is nie daartoe beperk nie:

- Die herhaling van die lesing op 'n ooreengekome tyd
- Kort (ongeveer 10 minute) greepuitsendings met sleutelpunte (moontlik geskep deur die opnames te redigeer)
- Transkripsies van opnames
- PowerPoints met 'n agtergrondstem
- Vraag-en-antwoord-sessies
- Tutoriaalsessies
- Spreekure/sessies waartydens studente met die dosent kan gesels

Die beginsel is dat daar geleentheid vir studente moet wees om met die studiemateriaal, dosent en ander studente om te gaan **voor** en **na** die formele lesing en daar word voorgestel dat dit die dosent se prerogatief is hoe hulle hierdie omgang moontlik maak om die maksimum pedagogiese waarde vir die studente te ontsluit. Die strategie wat die minste arbeidsintensief is, is dalk die beskikbaarstelling van die klasopname, maar soos in die inleiding genoem word, kan daar konteksgebonde redes wees waarom die dosent eerder een van die alternatiewe strategieë sal kies.

C) Algemene riglyne vir die opname van lesings en/of die beskikbaarstelling van hierdie opnames aan studente

- Stel dit uitdruklik aan studente dat **video's** weens kopieregvereistes **nie op enige openbare platforms** soos YouTube, tutorwerwe en so meer afgelaai/geredigeer/gedeel mag word nie en wat die gevolge van oortredings deur studente sal wees (bv. tugstappe en die moontlike regsgevolge van die skending van kopiereg).
 - Moontlike bewoording wat gebruik kan word: "Sinchrone (intydse stroming) lesings en die opnames daarvan is aan streng lisensiëringsvoorwaardes onderhewig en is slegs vir persoonlike en private gebruik bedoel. Geen verdere opname of verspreiding word sonder die vooraf toestemming van die betrokke personelede van die Universiteit

Stellenbosch toegelaat nie. Die opname van ander leergeleenthede of dosente, ongeag die konteks, word nie sonder die vooraf toestemming van die betrokke personeellede van die Universiteit Stellenbosch toegelaat nie. Die opname van 'n lesing of ander leergeleenthede en die beskikbaarstelling van die opnames is die keuse van die individuele dosent, ná oorweging van pedologiese en ander faktore.”

- **Die neem van skermgrepe van** klasse wat direk gestroom word, **is streng verbode**.
- Voeg 'n **kopiereg-afbeelding** by PowerPoint-skyfies, ander materiaal en opnames.
- Gebruik die **'selective release'-funksie op SUNLearn** om 'n opname ná afloop van 'n klas te deel. Om die leer wat plaasgevind het, te fasiliteer en vas te lê, sal studente eers 'n vasvra of iets soortgelyk oor die onderwerp/inhoud van die kontakssessie moet afhandel en 'n sekere standaard bereik, om seker te maak dat die opname nie as 'n plaasvervanger vir die sinchrone lesing dien nie. Die 'selective release'-opsie moet dus pedagogies geregverdig wees en nie slegs 'n 'hekwagter'-funksie vervul nie.

D) Verdere optrede en kwessies wat opgevolg moet word

- **Navorsing** is nodig oor die skakel tussen lesingopnames, klasbywoning en prestasie, veral binne die US-konteks. Dit kan insluit hoe lesingopnames tans deur studente en dosente gebruik word, en wat die potensiele toekomstige gebruike kan wees.
- **Lê grondreëls vas** vir hoe opnames gebruik kan word; bv.
 - Dui aan hoe studente kan beperk hoe hulle opgeneem word (bv. hou kameras afgeskakel);
 - Dui aan hoe hulle beplan om van die opname ontslae te raak (wanneer materiaal verouderd is); en
 - Lê grondreëls vir die studente vas (bv. moenie skermgrepe in 'memes' verander nie).
- Besluit op **voorwaardes en prosedures vir die reg op weiering** van opname (dosente en studente).
- Institusionele Oorsigbestuur het bogenoemde punte kragtens die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA) verskaf en beveel die volgende optrede deur LOV, IT, die Registrateursafdeling en Inligtingsoorsigbestuur aan:
 - Die omskrywing van die behouds-/lewensiklusreëls vir outomatiese opnames;
 - Implementering van gepaste prosedures om die behoudsreëls vas te stel;
 - Die uitvoer van 'n privaatheidsimpak-assessering op die opnames om die waarde/risiko van die inligting te bepaal; en
 - Die bespreking van sekerheidsmaatreëls vir bostaande met IT.

Een van die uitkomstes kan 'n **funksionele spesifikasie** (of soortgelyke dokument) wees om die risiko/waarde van die opnames (volgens die POPIA-omskrywings) vas te stel en te bestuur, die regsbasis vir opname te identifiseer en om vereistes ten opsigte van kennisgewing en so meer, vas te stel.

- Ondersoek die komponente van 'n **video-inhoudbestuurstelsel (V-CMS) vir die US**, om beter integrasie, deursigtigheid en beheer van lesings te verseker en om silo's tussen ruimtes en stelsels af te breek, sodat beter ondersteuning moontlik is. Dit kan die volgende insluit:
 - Bestuur, oproep, behoud, sekuriteit en klassifikasie van opnames (tans word

outomatiese opnames binne ongeveer drie dae oorgeskryf, afhangende van hoe dikwels die lokaal gebruik word);

- Skakel opnames outomaties met SUNLearn;
 - Maak die goedkeur van opnames, vinnige redigering en die byvoeg van metadata tot die video moontlik; en
 - Stel studente in staat om video op aanvraag te sien.
- Oorweeg dit om oor die kort en middel termyn **lesings en sessies op die rooster te kategoriseer** as
 - Verpligte kontakssessies (geen stroming of opnames nie) – prakties, tutoriale, groepwerk, klasbesprekings;
 - Kontakssessies (stroming en opname); en
 - Virtueel.

Die betrokke dosent moet besluit watter kategorie gepas is.

- Oorweeg dit om oor die lang termyn **leerervarings te kategoriseer en te beplan** sodat:
 - Sommige dele van die inhoud in greepuitsendings, wat per hand met behulp van ons opname-infrastruktuur opgeneem word, gelewer word. Hierdie inhoud word NIE in enige klasse herhaal NIE.
 - Toepassing en so meer plaasvind in interaktiewe sessies wat nie gestroom of opgeneem word nie (buiten vir studente wat met 'n geldige rede afwesig is en waar besinning oor wat tydens die sessies plaasgevind het, op sigself van waarde kan wees).

Besprekingsdokument oor opname van lesings: Vir die saamstel van 'n riglyn-/raamwerkdokument

20 Mei 2022

Agtergrond

Die opname van lesings word reeds sedert die laat sestigerjare gedebatteer (MacKay 2019). Geleentheid en geriewe vir die maak van sodanige opnames en die deel daarvan met studente is deesdae meer algemeen binne hoër onderwys (HO). Dosente wêreldwyd is bekommerd oor die effek van opnames op leer, onderrig en assessering (Tomumitsu 2022; Malesic 2022). Hulle is dikwels daarvoor bekommerd dat klasbywoning nadelig geraak sal word en dat die pedagogiese ervaring verflou sal word weens die gebrek aan persoonlike interaksie en betrokkenheid tydens die lesings. In die studie deur MacKay (2019) in 'n groot universiteit van die Russel-groep en ook in die kleinskaalse navorsing van Clemmer en Vale (2021), het die meeste studentedeelnemers aangedui dat hulle die opnames vir hersiening en begrip gebruik. Dit is dus belangrik om nie bywoning en betrokkenheid te verwar nie. Die transformerende mag van en besware teen opgeneemde lesings, die ontwrigting van hierdie tegnologieë, asook aspekte van die etiek en IE daaraan verbonde, word in die literatuur genoem (sien, byvoorbeeld, MacKay 2019; Kinash, Knight & McLean 2015; Clemmer & Vale 2021; Cacault et. al 2021). Die skuif na aanlyn leer gedurende Covid-19 het die geleentheid geskep om tradisionele onderrig-, leer- en assesseringspraktyke aan te pas, deur die beste van wat ons geleer het, aan te wend. Een sodanige geleentheid is die opname van lesings.

Met die installering van die ULR-toerusting op kampus, het die bespreking van en vrae omtrent die beskikbaarheid van lesingopnames ook vir die onderrig, leer en assessering van US-dosente van belang geraak.

Hierdie besprekingsdokument skets die potensiele (pedagogiese) waarde van die beskikbaarstelling van opnames, die moontlike besware daarteen en ook moontlike oplossings of versagtende beheermaatreëls.

A. Pedagogiese waarde van opnames van lesings

Opnames van lesings kan 'n doeltreffende hulpmiddel vir die fasilitering van studenteleer wees. Die pedagogiese waarde en doel van die beskikbaarstelling van lesingopnames aan studente sluit die volgende in:

- Dosente kan studente na die opname verwys vir hulp met die beantwoording van vrae en navrae en die opklaar van misverstande. Dit voorsien veelvuldige betrokkenheidsmodusse volgens die riglyne van die Universele Ontwerp vir Leer (UOL).
- Transkripsies van opnames is waardevolle aanvullende leer- en hersieningshulpmiddele, wat veelvuldige betrokkenheidsmodusse volgens die UOL-riglyne voorsien .
- Transkripsies van opnames kan vertaal word, waar daar 'n behoefte bestaan. Die Taalsentrum kan hiermee help.
- Opnames kan gebruik word om verdere bespreking buite die begrensde klaskamer aan te wakker, soos op SUNLearn (of enige ander LBS-platform).
- (Dele van) opnames kan deur ander modules hergebruik word.
- Klankgreepuitsendings raak al hoe meer gewild onder studente, omdat dit hulle in staat stel

om materiaal te hersien en konsepte op te klaar; byvoorbeeld, wanneer hulle pendel of tydens ander aktiwiteite.

- Studente wat nie die klas kan bywoon nie, kan na die opnames kyk.
- Opnames van gaslesings of lesings deur uitgenooide vakkundiges is veral van waarde, aangesien hierdie persone nie noodwendig in daaropvolgende jare beskikbaar is nie. Hierdie opnames kan dan, met die sprekers se toestemming, herverpak word as 'n video- of klankopname vir toekomstige gebruik in die module. Enige eksterne spreker/dosent moet daarop gewys word dat die opname die IE van die Universiteit sal bly.
- 'n Bykomende voordeel is dat klanklêers (MP3-/klanklêers uit video-opnames) 'n 'datalogte' en buigsame manier vir studente bied om lesingsinhoud te hersien.
- Vir hibridiese leer is daar beslis 'n behoefte aan HyFlex-omgewings (hibridies-buigsame). Ons sal al meer internasionale studente (veral werkende studente) kry wat nie al die op-kampus-blokke in persoon kan bywoon nie. Die geleentheid om na opnames te kyk en/of klasse via direkte stroming by te woon, sal ons in staat stel om meer aanbiedings vir die internasionale studentemark te bemark, waaronder (en veral) vir ander Afrikalande.

NB: Die ingeboude opname deur die ELSAV-toerusting word slegs as 'n rugsteunopname gebruik wanneer die Teams-opname nie werk nie (bv. netwerkprobleme). Die ULR-toerusting beskik oor 'n ingeboude opnamefunksie wat begin opneem sodra die aanraakpaneel in die klaskamer aangeskakel word. Hierdie opname word slegs as rugsteun bedoel. As 'n dosent dus vergeet om hulle eie MS Teams-opname te begin, kan die opname verhaal word. Hierdie opname word op 'n US-bediener gestoor en is slegs vir spesifieke IT-stelseladministrateurs toeganklik. Hierdie rugsteunopnames moet met omsigtigheid gebruik word.

B. Besware teen die beskikbaarstelling van lesingopnames en enkele versagtingsmaatreëls

Die literatuur en dosente opper enkele besware teen die beskikbaarstelling van lesingopnames aan studente. Sommige van hierdie besware en die moontlike versagtingsmaatreëls of oplossings daarvoor word in die onderstaande verskaf.

1. Afname in klasbywoning

Dosente voel dikwels dat, indien studente nie klas bywoon nie, dit kan lei tot 'n gebrek aan betrokkenheid by dosente en eweknieë en ook 'n afname in maatskaplike samehorigheid. Die literatuuoroorsig deur Kinash, Knight en McLean (2015:133) verwys na talle studies wat onderneem is oor die kwessie van klasbywoning en kom tot die gevolgtrekking dat "die argument dat lesings nie aanlyn verskaf moet word nie, omdat studente sal ophou om kampus toe te kom, grootliks onbevestig is". (Eie vertaling uit Engels.)

Moontlike oplossings/versagtingsmaatreëls:

- Maak seker dat daar meer omgang in die klas is, wat verskil van wat ervaar kan word met die kyk van 'n opname – studente sal klas bywoon as hulle voel dat dit waarde inhou (Clemmer & Vale 2021:4). Let egter daarop dat studente se oordeel van wat van waarde is (versus, byvoorbeeld, wat vermaaklik of maklik is), feilbaar is. Dit moet ook in berekening gebring word.
- Verander die formaat van klasse na 'n 'omgekeerde klaskamer'-benadering, met genoegsame voorbereidingsmateriaal en stel opnames beskikbaar. 'Omgekeerde klaskamer'-opnames kan van minder waarde wees met betrekking tot inhoud en studente wat nie in die klas is nie, kan sekere aspekte van kennistoepassing misloop.

Navorsing oor hoe om studente vir die 'omgekeerde klaskamer' te laat voorberei, is nodig.

Meer navorsing is nodig oor die skakel tussen lesingopnames, klasbywoning en prestasie, veral in die konteks van die US. Een studie van 'n kohort van 1 450 eerstejaar- sielkunde-studente het getoon dat diegene wat nie dikwels klas bywoon nie, ook meer geneig was om nie van lesingopnames gebruik te maak (48.1%) om 'n misgeloopte lesing in te haal nie, as diegene wat dikwels klas bywoon (34.3%). Verrassend genoeg, het 29% van studente gemeld dat hulle teen die laaste week van die semester nog nie van lesingopnames gebruik gemaak het nie. Studente het beoog om van lesingopnames gebruik te maak, omdat hulle hierdie opnames as nuttig vir leer beskou en genoem dat hulle nadelig geraak sou word as opnames nie beskikbaar was nie. Studente het inderdaad sterk oor lesingopnames gevoel.

(Yeung, Raju & Sharma, Microsoft Word - 04 yeung raja sharma 55-71.docx [ed.gov])

2. Studente kyk lesingopnames alles op een slag

Navorsing deur MacKay (2019) dui aan dat dosente bekommerd was dat studente lesingopnames as die primêre bron van leer sou gebruik. Dit is soortgelyk aan studente wat nie kontakklasse bywoon nie, maar dan later vinnig deur die leesmateriaal werk.

Moontlike oplossings/versagtingsmaatreëls:

- In die verlede kon ons dit nie beheer nie, maar dosente maak dit dikwels duidelik aan studente dat die bywoon van klasse en tred hou met hersiening tot hulle akademies sukses sal bydra. Dit bly egter steeds die studente se verantwoordelikheid om dit te doen.
- Ons kan verdere materiaal by elke moduleraamwerk voeg oor hoe om die lesingopnames ten beste te benut.
- 'n Mens kan 'n beperkte aktiwiteit op SUNLearn plaas, wat van studente vereis om 'n kort vasvra (bv. oor die leeswerk ter voorbereiding vir die klas) af te handel, voordat hulle toegang tot die lesingopname kan verkry. Dit kan verhoed dat alles op een slag gekyk word en dien as 'n verrykte O&L-aktiwiteit.

3. PAIA (Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting)

Opnames kan 'n risiko vir die instelling inhou. As dit eers bestaan, kan opnames, byvoorbeeld, onder versoeke kragtens die **Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting** val. Totdat daar vaste reëls oor opnames ingestel is, is daar enkele goed om in ag te neem: Daar moet 'n duidelike rede vir die opname wees; ons moet beplan om die opnames te vernietig nadat die doel daarvan gedien is; ons moet die opnames inderdaad vernietig; ons moet oorweeg of 'n ander inisiatief meer gepas as 'n opname sal wees (bv. 'n 'pratende kop'-video met 'n draaiboek is in sommige situasies beter as 'n klasopname); ons moenie net opnames maak omdat ons kan of omdat dit nou gerieflik is om dit te doen nie.

Reaksie/versagtingsmaatreël:

- Dit kan gebeur, maar is onwaarskynlik en sal nie 'n groot impak hê nie.

4. POPIA (Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting)

Studente en dosente kan weens privaatheidsrisiko's beswaar aanteken – studente se foto's en studentennommers kan op die skerm verskyn en tydens 'n opname vasgelê word.

Reaksie/versagtingsmaatreël:

- Die studentenommers is reeds beskikbaar in Outlook, die klas se MS Team en op SUNLearn – die MS Teams-opname is dus soortgelyk. Studente in besit van hierdie inligting kan nie eintlik veel daarmee doen nie, buiten om dalk onbetaamlike e-posse te stuur aan die studente oor wie se besonderhede hulle beskik. Hulle het geen toegang tot ander studente se punte op SUNLearn, akademiese rekords, adres- of telefoonnommerbesonderhede nie.
- Studente sluit gewoonlik by die aanlyn klasse aan deur te klik op die Teams-skakel wat die dosent op SUNLearn beskikbaar stel. Sodoende kies hulle in effek om by die vergadering aan te sluit en verleen dus implisiete toestemming dat hulle studentenommers en name deur ander in die vergadering gesien mag word. Ons kan oorweeg om dit eksplisiet so te stel in moduleraamwerke.
- Gebruik die Teams-funksie vir opname, wat die waarskuwingsboodskap toon. Lig studente en dosente in dat alle klasse opgeneem kan word (en verskaf redes). Lig die studente in dat daar 'n kamera-aansig van agter uit die klas kan wees, wat deel van die opname kan vorm.
- Die vraag bly staan of 'n student kan onttrek en onder watter omstandighede – veral aangesien lesings deel van die kern- akademiese funksie van die universiteit is. Studente wat beswaar aanteken teen of verkies om te onttrek uit opnames op grond van regmatige belange of toestemmingskwessies, mag nie van die leergeleentheid uitgesluit word nie (d.w.s. die klas moet sonder opname voortgaan, of 'n aparte klas sonder opname moet aangebied word). Die student wat onttrek, kan die kontakklasse en -tutoriale bywoon, sodat ander studente, wat wel toegang tot 'n opname verlang, nie benadeel word nie.
- Studente kan gevra word om 'n vrystellingsvorm aanlyn te onderteken, wat aandui hoe opnames gebruik sal word en om aan te dui waarmee hulle gemaklik voel.
- In plaas van 'n institusionele reglement vir opnames wat vir dosente geld, sal ons dalk die regmatige belange/toestemming-model moet oorweeg (d.w.s. dat hulle ook beswaar kan aanteken of onttrek, hangende 'n bespreking met Menslike Hulpbronne [MH] oor wat as 'n redelike versoek deur die bestuur beskou kan word; d.w.s. kontrakregverdiging). Soos met studente, as dosente deel van die kern- akademiese funksie van die universiteit vorm, kan die dosent weier? Op watter gronde? Moet die dosent 'n beweegrede verskaf?
- 'n Institusionele reglement vir opnames wat vir dosente geld, sou na die kontrakregverdiging moet verskuif. Dit sou egter bespreking met MH vereis om te bepaal of dit enige verandering in die diensvoorwaardes sal veroorsaak en die implikasies daarvan.

5. Risiko wat verband hou met hoe video-opnames gedeel en gebruik kan word

Dosente is dikwels bang dat dele van hulle opnames op openbare platforms gedeel sal word, buite konteks geneem/aangehaal sal word, en so meer.

Reaksie/versagtingsmaatreël:

- Stel dit uitdruklik aan studente dat video's nie op enige openbare platforms soos YouTube afgelaai/geredigeer/gedeel mag word nie.
- Verbied studente om enige skermgrepe of redigering (d.w.s. die neem van enige gedeelte van die inhoud buite konteks) op enige eksterne platforms/kanale (WhatsApp ingesluit) te plaas.
- Voeg dalk 'n kopiereg-afbeelding by die PPT-skyfies.

Opnames kan verouderd raak. In sekere kontekste kan dit dalk nie van veel nut wees om in 2022 na 'n greepuitsending uit 2015 te luister nie. Onakkurate inligting kan ook in 'n opname

vasgelê word.

Reaksie/versagtingsmaatreël:

- Verseker dat die opnames duidelik gemerk word met 'n vrywaring ten opsigte van die datum van opname en die feit dat dit altyd in kombinasie met die handboek/aantekeninge gebruik moet word.

C. Kwessies wat verder opgevolg moet word en waaroor terugvoer aan die Komitee vir Leer en Onderrig gelewer moet word

- Lê grondreëls vas vir hoe opnames gebruik kan word; bv.
 - Dui aan hoe studente kan beperk hoe hulle opgeneem word (bv. hou kameras afgeskakel);
 - Dui aan hoe hulle beplan om van die opname ontslae te raak (wanneer materiaal verouderd is); en
 - Lê grondreëls vir die studente vas (bv. moenie skermgrepe in 'memes' verander nie).
- Besluit op voorwaardes en prosedures vir die reg op weiering van opname (dosente en studente).
- Het ons 'n institusionele reglement rakende opnames nodig en indien wel, wat is die goedkeuringsproses? Die video-opnames – soos enige ander kursusmateriaal – bly die intellektuele eiendom van die universiteit en dosente, gassprekers en studente moet hiervan bewus gemaak word.
- Institusionele Oorsigbestuur het bogenoemde punte kragtens POPIA verskaf en beveel die volgende optrede in samewerking met IT, die Registrateursafdeling en Inligtingsoorsigbestuur aan:
 - Die omskrywing van die behouds-/lewensiklusreëls vir outomatiese opnames;
 - Implementering van gepaste prosedures om die behoudsreëls vas te stel;
 - Die uitvoer van 'n privaatheidsimpak-assessering op die opnames om die waarde/risiko van die inligting te bepaal; en
 - Die bespreking van sekerheidsmaatreëls vir bostaande met IT.

Hopelik sal daar min besware wees wanneer ons 'n duidelik begrip van die pedagogiese voordele van lesingopnames, die risiko's en die versagtingsmaatreëls vir hierdie risiko's het. As daar besware is, verskaf asseblief 'n kort regverdiging, saam met 'n alternatief (bv. die beskikbaarstelling van transkripsies wat vooraf geredigeer kan word/as aantekeninge opgesom kan word, of maak die klankopname slegs op versoek aan studente beskikbaar via 'n skakel wat nie afgelaai kan word nie).

Bronnelys:

1. Cacault, P., Hildebrand, C. Laurent-Lucchetti, J. en Pellizzari, M. 2021. Distance Learning in Higher Education: Evidence from a Randomized Experiment. *Journal of the European Economic Association*, 19(4):2322-2372. DOI:10.1093/jeea/jvaa060.
2. Clemmer, R. en Vale, J. 2021. On the Record: Student motivations for recording lectures and implications for learning. Verrigtinge van die 2021 Canadian Engineering Education Association (CEEA- ACEG21) se konferensie, Referaat 114.
3. Kinash, S., Knight, D. en McLean, M. 2015. Does Digital Scholarship through Online Lectures Affect Student Learning? *Journal of Educational Technology & Society*, 18(2):129-139.
4. MacKay, J.R.D. 2019. Show and 'tool': How lecture recording transforms staff and student perspectives on lectures in higher education. *Computers & Education*, 140.103593.
5. Malesic, J. 2022. *My College Students are not OK*. New York Times. Beskikbaar by: <https://www.nytimes.com/2022/05/13/opinion/college-university-remote-pandemic.html>
6. Tomumitsu, M. 2022. *In Defense of the Lecture*. Jacobin Magazine. Beskikbaar by: <https://www.jacobinmag.com/2017/02/lectures-learning-school-academia-universities-pedagogy/>